

From: Bouwe van der Eems [mailto: bouwe@tuisskolers.org]
Sent: Saturday, January 25, 2014 5:55 PM
To: ' tanya@groupeditors.co.za'; ' information@groupeditors.co.za'
Subject: GPS Rubriek van 15 Jan - Tuisonderrig

Geagte redakteur

In die GPS rubriek van Louwrens Selzer in die George Mini Ads News van Woensdag 15 Januarie 2014 word die volgende bewering gemaak : *“Die groot fout wat baie ouers egter maak is om hul kinders uit die sogenaamde “onderwys maalkolk” te haal vir die tydperk van sy of haar skoolloopbaan en hul tuisonderig te gee of dan by ‘n privaatskool in te skryf. Hulle dra by wyse van spreuke dan oogklappe. Na skool, moet hul die egte Suid-Afrika in die oë kyk.”* Hierdie bewering skep vrees by ouers wat tuisonderwys oorweeg dat hulle kinders nie voorbereid gaan wees vir die werklike wêreld nie.

Sedert sy oprigting in 1992 het die Vereniging vir Tuisonderwys hom beywer vir die erkenning van ouers se reg om hulle kinders binne familieverband op te voed in Suid-Afrika, en ons wil graag aan ouers die versekering gee dat daar goeie redes is om te vertrou dat tuisonderwys kinders wel suksesvol voorberei vir die werklike wêreld.

In 'n skool sit kinders elke skooldag met ouderdomsgenote in 'n lokaal wat geïsoleer is van onderbrekings en ontvang onderwys van 'n onderwyser wat voorbereid is om die voorgeskrewe inhoud van die handboek oor te dra. In tuisonderwys ontvang kinders onderwys saam met ander van verskeie ouderdomme en word die onderwys dikwels onderbreek deur telefoonoproepe en onverwagte krisisse. Ma het dikwels nie tyd gekry om voor te berei nie, en moet prof. Google raadpleeg om iets uit te vind. Prof. Google kom met meer antwoorde as die handboek en almal moet saam besluit watter antwoord hulle wil glo. Tuisleerders moet ook verantwoordelikheid neem vir huislike take en gaan gereeld met ander gesinne op uitstappies.

Diegene wat in die werklike wêreld woon sal besef dat die onderwysomgewing van tuisonderwys nader is aan die werklike wêreld as die onderwysomgewing van skole. So 'n onderwysomgewing is daarom goeie voorbereiding vir die werklike wêreld. In die VSA, waar tuisonderwys al lank gevestig is, het navorsing bevind dat oud tuisleerders goed vaar op universiteit, min van hulle is werkloos en baie het hulle eie besigheid.

Vriendelike groete



Bouwe van der Eems

Vereniging vir Tuisonderwys

Sel : 082 907 9696

Faks : 086 657 7216

Epos : bouwe@tuisskolers.org

Web : www.tuisskolers.org